

Vroueflitse

Winter 2020

*Medewerkers Vroueflitse
Winter 2020-uitgawe:*

Redakteur en bladuitleg
Mari-lizé Beukes

Subredakteurs
Ds Janine Bevolo-Manders
God is vir jou, wie kan dan
teen jou wees?

Wilna Koekemoer
Wie is ek nou?

Taalversorging:
Mari-lizé Beukes
Tessa Oppermann

Webblad:
www.nhsv.org.za – sien
afdeling Publikasies vir
Vroueflitse-skakel.

Teken in op *Vroueflitse*:
Stuur 'n e-pos aan
Rozelda Nel
admin@nhsv.org.za

Tel 012 325 0117
NHSV kantoor



*Dankbaarheid ...
gee sin aan gister,
bring vrede vir vandag,
skep 'n droom vir môre ...*

God is vir jou, wie kan dan teen jou wees?

Ds Janine Bevolo-Manders

Voel jy soms of dinge kwaai teen jou opgestapel is? Niks loop reg nie; alles loop skeef; dinge is doodeenvoudig net nie reg nie.

Ons sou vir Paulus 'n hele rits dinge/mense kon gee wat ons voel *teen* ons is, as hy sy vraag in Romeine 8:31 eerder só gestel het: *Wat/wie is als teen ons?* Maar let 'n bietjie op, hy vra 'n heel ander vraag. Hy sê-vra: *God is vir ons, wie kan dan teen ons wees?*

Dit verander die prentjie nogal heelwat. Dis nou nie meer 'n kwessie van hoe dinge teen jou opgestapel is nie, maar hoe hulle opstapel teen God.

Is jy bang dat God die moeilikhede in jou lewe nie kan hanteer nie? As jy is, dan verstaan jy God nie.

Hy is die een wat die heelal tot stand gebring het. Hy het elke ster in die lug geskep. Hy het elke walvis en elke olifant geskep, en Hy het die amoeba en die kleinste sel geskep. Hy het die heelal geskep om in perfekte harmonie te werk.



Is jy bang dat Hy nie jou unieke probleem kan hanteer nie? Sekerlik nie, as jy regtig mooi daaroor dink. Ek vermoed daar moet 'n ander vrees wees.

Jy sien, miskien is dit nie die vrees dat God nie die probleem in jou lewe *kan hanteer* nie. Dis net dat ons soms wonder of God hulle *sál hanteer*.

Ek bedoel, jy moet wonder of Hy die tyd het om jou klein probleemies te hanteer. Dis hoekom Paulus die volgende vraag in Romeine 8:32 vra.

Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie?

Veronderstel 'n man kom af op 'n kind wat deur boosdoeners geslaan word. Hy spring in, stel sy eie lewe in gevaar, maar hy dink nie, hy deel 'n paar vuishoue uit, hy red die kind en vat die kind hospitaal toe.

Die seun word verpleeg en die man betaal die rekening. Hy hoor dat die kind 'n weeskind is, dus neem hy die seun aan as sy eie en gee hy die kind sy naam.

En dan een aand, maande later, hoor die man die kind huil. Hy gaan na hom toe en vra wat verkeerd is. Deur sy trane sê die kind: *Ek is bekommerd, Pa. Ek is bekommerd oor môre. Waar sal ek kos kry om te eet? Waar sal ek klere kry om warm te bly? Waar sal ek slaap?*

Soos jy jou kan voorstel, is die pa ontsteld. Het ek jou nie gewys nie? Verstaan jy nie? Ek het my lewe gewaag om jou te red. Ek het geld gegee om jou te behandel. Ek het jou my naam gegee en jou my seun genoem. Sou ek dit alles gedoen het en nie in jou behoeftes verder voorsien nie?

Dis presies Paulus se vraag. Sou God al die pyn en moeite deurstaan het om sy enigste Seun te stuur om te sterf vir jou, en dan net van jou vergeet wanneer jy Hom die nodigste het?

Natuurlik nie! Paulus herinner ons dat God heeltemal te veel in ons belê het om van ons te vergeet. Watter soort pa sal van sy kind vergeet?

Sekerlik nie die Perfekte Een deur wie ons geskep is nie. So, onthou vandag en elke dag:

God is vir jou, wie kan dan teen jou wees?



Wie is ek nou?

Wilna Koekemoer

En hier is ons ingegrendel ... baie dae van inbly, tuisbly en positief bly. Watter uitdaging vir ons almal in Suid-Afrika en die hele wêreld!

Ons beleef verskillende fases, amper soos 'n rouproses, maar vandag beleef ek weer eens dat daar van ons moeders beslis baie gevra word. Ek voel vandag ... huisgedaan! Ons moet soveel verskillende hoede dra en uiteenlopende rolle vervul dat ek meestal wonder watter van hierdie rolle ek elke dag moet "vooropstel" en uitleef...

Moedige Mamsie: Ma en Minister van Huishoudelike Sake

Die vereistes om hierdie rol te vertolk, is dat jy 'n H₂O-mens moet wees: hewige 2 ore vir al die luister; hewige 2 hande vir al die huistake; hewige 2 voete vir al die verpligtinge, skoonmaak en aan die kant maak; en 'n hart soos 'n hotel vir al die maats en gaste wat nie kan wag nie om te kom kuier sodra die grendeltyd verby is.

Boffin die Broodwinner: President van Buitelandse Betrekkinge, Oorloë en Gerugte van Oorloë

Onder normale omstandighede is ons so besig en oorlaai by die huis dat dit werklik 'n seën is om te gaan werk. En nou is ons voltyds tuis en moet ons heeltyds as vrederegter optree, konflik probeer uitsorteer en ontlont, emosies "hoog hou" en gedagtes besig hou. Terwyl ons self net wens ons kon êrens in 'n bomskuiling gaan weggraak tot hierdie Covid-oorlog verby is. Miskien 'n enkelkaartjie maan toe...



Katryn, die kok en kleremaker: Direkteur van Spyskaart, Spelde en Meet-en-pas-sake

'n Opwindende noodplan wat sonskyn in jou kombuis verseker, is die ekonomiese eenstop-eierdop-variasies wat elke nuwe ingrendeldag ophelder: roereier, gebakte eier, geroosterde eier, gebraaide eier, spieëleier, kalfsoogeier, dubbeldooreier, sonskyneier, eier-in-die-dop, eierverrassing, gestoofde eier, omelet, kapokeier of kerrie-eier. En dan breek die dag aan dat al die huislede uitgeëet is aan al jou kreatiewe kosidees, en dan is eier ook nie meer lekker nie...

Klere wat jare lank nooit gedra is nie, beland skielik nou op die naaldwerktafel en moet dadelik hanteer word, want dit was die grootste “winkoop” ooit en kan nog vir die volgende jare goeie diens lewer! Maar dit moet nou reggemaak of verstel word...

Tokkie, die tuinier en swembadspesialis: Hoof van Chloorsake en Snoeiskêridees

Tuin maak, blomme plant, kruietuin ontwikkel, klippe pak en swem is regtig terapeuties. Maar hoekom alles nou gelyktydig gedoen moet word, weet nugter alleen! Ek wou net buite kom sit om my welverdiende koppie tee in vrede te geniet ... en nou help ek alweer om die goudgeel herfsblare op te hark!

Odette, die onderwyseres, skrywer en joernalis: Minister van Onderwys en Joernalistiek

Orde en roetine moet geskied in die huis, geduld met huiswerk en onwillige tuisskoliere, opbouwende woorde en opwindende idees – die pen is magtiger as die swaard, maar oeps! Amper tref dit die teiken op volle vaart! Ek probeer “op datum bly”, mooi briefies skryf en foto’s neem van al die werk. Maar wees verseker, hul juffrouens is nou reeds baie meer werd!

Bernice die Beroepsvrou: Indiensopleidingsbeampte

En so leer ek toe ook mos op hierdie gevorderde ouderdom in my lewe: Ek weet nog nie alles nie! (Gedink my volgende groot stap gaan wees om af te tree!) Skielik “werk” ek ook van die huis af. Eers gesukkel om ’n plekkie en roetine te kry, en toe boonop geleer van *Zoom* en *Team Viewer* – hoop dat ek nog elke maand daardie broodnodige salaris sal kry.

Anna die Administrateur: Ambassadeur vir Huissake

Voltyds besig met briewe skryf, rekeninge betaal, lisensies en aanlyn-konferensies, uitmergelende skooltake en kreatiewe papierdrake. By die skool en by die kerk, by die huis en by die werk is ons almal voltyds ambassadeurs vir ons huis!

Vroue van hoop vir ons almal

Hierdie VVV-vroue van vandag is nie vreemde, vlieënde voorwerpe nie, elkeen is ’n vriendin, vertroueling en vertrooster.

Sy is vrolik, vriendelik, welgekleed en goed versorg.

Sy is ’n planmaker, verskilmaker en voorloper.

’n Spreuke 31-vrou wat glo, wat werk, wat vertrou, wat hoop, wat bid...

Mag elkeen van ons vroue elke dag voluit leef en vorentoe opkyk; vervul jou rol(le) en weet: Ons weet nie elke dag wat die toekoms inhou nie, maar ons weet vir seker **WIE** dit vashou!

